

Gesoeek: Meer boere wat kanola plant

Die Proteïennavorsingstigting wil help om weer woema in 'n weifelende kanolabedryf te plaas met die resultate van 'n ondersoek wat onlangs voltooi is.

Kan Wes-Kaapse koringboere nog die groot geesdrif onthou waarmee die kanolabedryf bykans twee dekades gelede weggespring het? Soos met elke nuwe gewas was daar probleme en baie om te leer, en talle boere hét vinnig geleer. Gevolglik het die eerste 40 000 ha kanola somer flink op die telbord verskyn. Dit was van 2003 tot 2005.

Met 'n bedryf wat soveel belofte toon,

was die Proteïennavorsingstigting (PNS) gewillig om kanolavorsing by sy finansieringsprogramme in te sluit. As wisselbougewas en kontantgewas uit eie reg was kanola nommerpas om weer voorspoed vir die kleingraanboerdery in die Wes-Kaap te bring. Bowendien het kanola die PNS soos 'n handskoen gepas. Die doelstelling van dié organisasie is immers om die plaaslike produksie van proteïene vir insluiting in vee-

rantsoene aan te moedig om sodoende duur, ingevoerde proteïene te vervang.

Die proteïenryke oliekoek waarop die PNS eintlik sy visier stel, is egter net die nuwe produk, want by kanola gaan dit oor gesonde en deesdae gesogte plantaardige olie vir menslike gebruik. Hieraan het Suid-Afrika eweneens 'n groot tekort en dit moet, na gelang van die wisselkoers, dikwels ten duurste ingevoer word.

Ongelukkig het die kanolabedryf ná 2005 se hoogtepunt gestagneer en selfs 'n afname in produksie van 2006 tot 2008 beleef. Hoewel aanplantings gedurende 2009 weer tot 38 060 ha toegeneem het, was dit steeds aansienlik laer as kanola se geraamde potensiaal van sowat 150 000 ha.


Die PNS het voor 'n moeilike keuse te staan gekom: Hy moes óf alle navorsingsfinansiering vir kanola onmiddellik staak óf nogeens 'n selfs groter poging aanwend om dié gewas sy regmatige plek in die akkerbou van die Wes-Kaap te laat inneem. Die PNS het ná deeglike ondersoek op laasgenoemde besluit omdat die produksie van kanola steeds internasionaal vinnig toeneem en tans, naas sojabone, die wêreld se belangrikste oliesaadgewas is.

Die PNS is daarvan oortuig dat groei ook in die Wes-Kaap moontlik is, want 'n gewas wat so knus tussen die graanfases van die provinsie inpas, moet 'n belangrike rol in die boerderystelsels kan vervul. Volgens die PNS kan boere kanola met vertroue produseer om die volgende redes:

- Vele toegewyde wetenskaplikes werk hard om die gewas nóg lonender te maak.
- Basiese produksietegnieke vir kanola is reeds deur hierdie wetenskaplikes ontwikkel of versamel en in die praktyk getoets.
- Die vraag na kanola-olie is steeds groter as die aanbod en neem toe.
- Koringboere het toenemend probleme met hoër produksiekoste, wisselvallige koringpryse en ongevoelige owerhede.
- Kanola is 'n lonende wisselbougewas met koring. Dit tree nie op as gasheer vir koring-siektes nie. Boonop laat dit die gebruik van alternatiewe onkruidbestrydingsmiddels toe, iets wat nog té dikwels deur boere onderskat word.

Die PNS het gevolglik opnuut met navorsingsvennote, sowel as internasionale medewerkers, gesprekke gevoer oor wat meer gedoen kan word om kanola sy regmatige plek te laat inneem.

Die eerste stap om die nuwe doelwitte te bereik, was om gedurende 2009 met behulp van vraelyste die redes te probeer bepaal waarom bestaande kanolaprodusente nie meer van die gewas plant nie, asook wat



die vernaamste probleme is wat met die verbouing daarvan ondervind word. Terselfdertyd is daar van nie-kanolaprodusente verneem waarom hulle nie kanola verbou nie. Die opname bevestig dat verliese tydens die oesproses steeds die grootste probleem is waarmee boere te make het, hoewel slakke in die Suid-Kaap ook 'n groot probleem bly.

Uit dié opname het insiggewende neigings na vore gekom. S6 blyk dit byvoorbeeld dat die grondgebruikspatrone tussen die Swartland en die Suid-Kaap grootliks verskil.

In die Swartland word gemiddeld 48,38% van kanolaprodusente se bewerkbare grond vir die produksie van koring benut, teenoor 51,71% van boere wat nie kanola verbou nie. Medics word op 15,81% van die bewerkbare grond van kanolaprodusente

Die opname bevestig dat verliese tydens die oesproses steeds die grootste probleem is waarmee boere te make het.

verbou, teenoor 26,99% van nie-kanolaprodusente. Kanolaprodusente gebruik gemiddeld slegs 10,93% van hul bewerkbare grond vir die verbouing van kanola, terwyl dit aanbeveel word dat die gewas ten minste een uit elke vier jaar (dus op 25% van die grondoppervlakte) verbou word. Oulande beslaan gemiddeld 10,47% en 8,19% van die bewerkbare grond van onderskeidelik kanola- en nie-kanolaprodusente. Dit was ook duidelik dat die meeste boere verskillende wisselboustelsels op verskillende kampe van die plaas toepas.

Soos verwag kan word, is lusern die gewas wat die grootste oppervlakte in die Suid-Kaap beslaan, met gemiddeld 47,08% en 38,74% van die bewerkbare oppervlakte by onderskeidelik kanola- en nie-kanolaprodusente. Koring beslaan slegs onderskei-

delik 19,42% en 21,91%, gars onderskeidelik 12,4% en 14,21%, en hawer onderskeidelik 8,03% en 12,69%.

Kanolaprodusente in dié streek benut gemiddeld slegs 9,59% van hul bewerkbare grond vir die verbouing van kanola, maar omdat byna die helfte van die bewerkbare oppervlakte onder lusern is, beteken dit dat kanola 18,18% van die kontantgewasse uitmaak. Boere plant dus kanola teen 'n frekwensie van ongeveer een uit elke vyf jaar.

Voorts blyk dit uit die beantwoorde vrae-lyste dat die deelnemers aan die opname nie beoog om groot veranderinge in die samestelling van hul verskillende gewasse te maak nie. Nogtans blyk dit dat boere wat kanola plant, sowel as dié wat dit nie plant nie, beoog om in die toekoms minder koring te plant.

In sommige gebiede van die Swartland beoog boere om ook oulande te verminder en minder soetlupiene te verbou. Hierdie boere wil na ander bedryfstakke uitbrei en oorweeg spesifiek medics en kanola vir daardie doel. Dieselfde neiging word ook by nie-kanolaprodusente waargeneem en dui op 'n moontlike toename in kanolaverbouing.

Uit die opname blyk dit dat die oppervlakte onder kanola in die Suid-Kaap grootliks onveranderd kan bly, tensy nuwe boere gewerf kan word. Die prys van en die gebruik van kanola as hooi- of kuilvoergewas word deur boere in die Langeberg-voetheuwels uitgesonder as belangrike motiverings wat gebruik kan word om boere te oorreed om meer kanola te verbou.

Beter onkruidbestryding met behulp van kanola word in albei streke aangevoer as die belangrikste rede waarom boere beoog om meer van die gewas aan te plant.

Voorts blyk dit uit die opname dat die Swartland die streek is waar die potensiaal vir nuwe kanola-aanplantings die hoogste is. Boere wat reeds kanola verbou, gaan na

Redes waarom kanola deur boere geplant word (%)

Redes	Suid-Kaap Gemiddelde	Swartland Gemiddelde
Wisselbou-voordele	79,41	60,00
Bekamp wortelsiektes	8,85	20,00
Balanseer gewasse	5,88	0
Beter onkruid-bestryding	8,82	54,29
Bestry grasonkruid	70,59	0
Ander chemiese redes	5,88	2,86
Verbeter grondstruktuur	5,88	22,86
Verhoog koolstofinhoud	8,82	0
Bind stikstof	8,82	0
Ekonomiese voordele	11,76	37,14
Hoër opbrengs van opvolggewas	5,88	22,80
Risiko-verspreiding	11,76	0
Ondersaai van gewasse	14,70	0
Verminder veediefstal	0	2,86

verwagting nog verder uitbrei, terwyl daar groot potensiaal is om nuwe kanolaprodusente te werf.


In die algemeen blyk dit dat bestaande kanolaprodusente optimisties is oor die toekoms van die bedryf. Die tabel toon 'n verskeidenheid redes waarom hulle glo dat dit belangrik is om kanola te verbou.

Die PNS gaan nou aanbeveel dat groter klem op die werwing van nuwe kanola-boere geplaas word. Bestaande navorsingsprojekte moet ook weer onder die loep kom en konsentreer op die probleme soos in die ondersoek uitgewys is. **LE**

Gehalte drinkers teen ongelooftlike pryse!

Sien ons wye reeks pluimvee toerusting op ons webwerf

www.poltek.co.za



Tel: 011 866 1240/2 or 011 865 2038/9
Faks: 011 865 1722
e pos: quotes@custommoulders.co.za
e pos: sales@custommoulders.co.za

POLTEK®/Custom Moulders® en die POLTEK® logo is almal geregistreerde handelsmerke van Custom Moulders®. E&OE

POLTEK®

LEIERS IN PLASTIESE PLUIMVEE TEKNOLOGIE